Taalwenk 36

Bylaag vs. bylae

Kollega Kobus Bergh doen navraag oor *bylaag* vs. *bylae*. Wat is die korrekte vorm vra hy? Dis maklik: beide is korrek.

Bylaag (en sy meervoudsvorm *bylae)* asook *bylae* (en sy meervoudsvorm *bylaes)* word altwee gebruik – en ook erken in standaardbronne – om aan te dui dat ’n stuk, geskrif of dokument bygevoeg word by ’n ander dokument, dus as *Bylaag A* of *Bylae A*, ens. As sodanig is hierdie vorme dan wisselvorme.

Gebruikers van hierdie vorme maak dit moeilik vir hulleself deur nie konsekwent te wees in hulle eie gebruik van dié vorme nie. My raad is daarom: kies een vorm en bly konsekwent daarby. Dan sal daar nie verwaring ontstaan nie.

WAMC

wenk36
04/02/2002